# Lesing 06.08.2018 - Lesing 2 - Ernstige oproep na die Boerevolk se Gilgal Klipwiel

Deuteronomium 28 (Boek van Herinnering)

**Deut 28:1** AS jy dan goed luister na die Stem van JaHWeH jou Elohey om sorgvuldig te hou al Sy Gebooie wat Ek jou vandag beveel, dan sal JaHWeH jou Elohey jou die hoogste stel bo al My nasies van die Aarde.

28:2 En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die Stem van JaHWeH jou Elohey. [Psalm 37:22]

28:3 Geseënd sal jy wees in die stad, en geseënd sal jy wees in die veld.

28:4 Geseënd sal wees die vrug van jou liggaam en die vrugte van jou Adamah [adamiet se Aarde] en die vrug van jou vee, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee.

28:5 Geseënd sal wees jou mandjie en jou bakskottel.

28:6 Geseënd sal jy wees by jou ingang, en geseënd sal jy wees by jou uitgang.

28:7 JaHWeH sal maak dat jou vyande wat teen jou opstaan, voor jou verslaan word; op een pad sal hulle teen jou uittrek en op sewe paaie voor jou uit vlug.

28:8 JaHWeH sal die seën oor jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan; en Hy sal jou seën in die Aarde wat JaHWeH jou Elohey jou sal gee.

28:9 JaHWeH sal jou vir Hom as 'n apart gestelde volk bevestig soos Hy jou dit gesweer het, as jy die Gebooie van JaHWeH jou Elohey hou en in Sy Weë wandel.

28:10 En al My volke van die Aarde sal sien dat die Naam van JaHWeH oor jou uitgeroep is, en hulle sal vir jou vrees.

28:11 En JaHWeH sal suiwerheid aan jou oorvloedig gee in die vrug van jou liggaam en in die vrug van jou vee en in die vrugte van jou Adamah[adamiet se Aarde], op die Adamah[adamiet se Aarde] wat JaHWeH aan jou vaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee.

28:12 JaHWeH sal Sy suiwer skatkamer, die Hemele, vir jou oopmaak om die reën van jou Aarde op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën; en jy sal aan baie nasies uitleen, maar self nie hoef te leen nie.

28:13 En JaHWeH sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie as jy luister na die Gebooie van JaHWeH jou Elohey wat Ek jou vandag beveel om te hou en te doen,

28:14 en jy nie regs of links afwyk van al die Woorde wat ek julle vandag beveel, om agter gode van andere aan te loop om hulle te dien nie.